

*‘n WhatsApp boodskap en ‘n e-pos wat wyd die rondte doen beweer dat die South African Law Reform Commission besluit het dat Paasvrydag en Kersdag voortaan nie meer gevier sal word aangesien dit kwansuis diskrimineer teenoor ander gelowe in ons land. Volgens die boodskap was daar ongeveer ‘n maand gelede ‘n geleentheid waar hierdie kommissie in gesprek wou tree met Christene, maar blykbaar het daar nie enige Christene opgedaag vir die gesprek nie.*

*Die boodskap gaan verder om alle Christene op te roep om ‘n brief te skryf aan die kommissie en beswaar te maak teen hierdie besluit. ‘n Ene Rooies Strauss was die opsteller van hierdie boodskap.*

Ds Cassie Aucamp gee graag die volgende inligting aan u deur:

- Die SA Law Reform Commission het glad nie ‘n mandaat oor die meriete wat wetgewng ten grondslag lê nie.
- Ek het vanoggend persoonlik met die Direkteur van die SALRC, mnr. Nelson Matibe gepraat. Daar is nie sprake van enige iets in die verband wat op die Kommissie se tafel is nie.
- Die aangeleentheid het in 2012 gedien op die tafel van die Art.185 Kommissie. (*Kommissie vir die Bevordering en beskerming van die Regte van Taal-, Kultur- en Godsdienstige Gemeenskappe.*)
- Die 185 Kommissie het in 2012 ‘n versoek gekry om die kwessie van openbare vakansiedae te ondersoek, met die bewering dat Christene bevoordeel word deur die toekenning van openbare vakansiedae.
- [Ons Deputate Owerheid het toe ‘n voorlegging gemaak in die verband. Ek heg dit graag vir julle aan.](#)
- Ek was vanoggend in gesprek met Ds. Anton Knoetze, een van die kommissarisse van die 185 kommissie. Die aanbeveling wat reeds deur die Art. 185 Kommissie aan die SALRC deurgegee is, is dat die Godsdienstige Openbare Vakansiedae soos tans gehandhaaf word. En dat voorsiening word gemaak vir amptelike verlof vir werknemers vir dae wat nie openbare vakansiedae is nie.
- Dis tog jammer dat hierdie whatsapp en e-pos die rondte doen juis in ‘n klimaat waar die temperature hoog is oor die “beelde-strom” van die EFF en ANC jeugliga.